



INTERSKOLE

3 - 8 Augustus
2026

**Gewortel in tradisie.
Gedra deur gemeenskap.**

In vennootskap met



Montego
— Pet Nutrition —

A MESSAGE FROM VOLKSKOOL

ROOTED IN TRADITION. CARRIED BY COMMUNITY.

On behalf of Volkskool, it is our privilege to welcome the learners, staff, parents and supporters of the Union Schools; together with our own school community, old Unionites, sponsors, and visitors to Interschools 2026.

For generations, this weekend has been far more than a sporting fixture. It is a tradition that has shaped friendships, inspired excellence, and created memories that are shared long after the final whistle. Each year, two proud schools renew a rivalry built on mutual respect, sportsmanship, and a shared sense of school pride.

As hosts of Interschools 2026, we are honoured to play our part in a tradition that has united our schools, families, and the wider Karoo community for generations. Throughout the weekend, from the opening events on our campus to the rugby at Botanics Sportgrounds and the many sporting codes on display, we celebrate far more than competition. We celebrate the values of sportsmanship, respect, and school pride that continue to define this remarkable occasion.

To every competitor, may you play with courage, integrity, and honour. To every supporter, may your passion reflect the true spirit of this tradition. Also, to everyone who joins us this weekend, thank you for being part of a legacy that continues to inspire each new generation.

May the rivalry remain fierce, the sportsmanship unwavering, and the friendships between our schools continue to grow for many years to come.



DIE KAROO ROEP ONS HUIS TOE

Na meer as 'n eeu van tradisie vind die 94ste Interskole tussen twee trotse Karoo-skole, Hoër Volksskool en Union High School, weer plaas. Interskole is veel meer as net sportwedstryde – dit is 'n viering van geskiedenis, kameraadskap, trots en gemeenskap.

Dit is 'n naweek waarna oud en jonk uitsien en wat jaar ná jaar sy plek as een van Graaff-Reinet se grootste tradisies bevestig.

Elke leerder, oudskolier, ouer en ondersteuner dra by tot die besondere gees wat hierdie naweek so uniek maak.

Die maroen, swart en wit word met trots gedra, nuwe herinneringe word geskep en ou vriendskappe word weer versterk.

Agter elke speler staan 'n familie en 'n gemeenskap wat vroegoggende, lang reise, oefensessies en opofferings deel.

Aan elke ouer, afrigter, personeellid en ondersteuner: baie dankie. Julle onwrikbare ondersteuning maak hierdie tradisie moontlik.

Aan ons spelers: speel met passie, respek en oorgawe. Gee elke oomblik jou beste, ondersteun mekaar en geniet die voorreg om deel te wees van 'n tradisie wat reeds meer as 'n eeu voortleef. 'n Hartlike welkom aan al ons oudskoliere en reüniegroepe. Mag hierdie naweek gevul wees met kosbare herinneringe, hernude vriendskappe en die trots om weer tuis te wees by julle alma mater.

Ons spreek ook ons opregte dank uit aan elke borg en vennoot wie se ruim ondersteuning hierdie naweek moontlik maak. Julle belegging in ons skool en ons leerders help om hierdie besondere tradisie jaar ná jaar voort te sit.

Mag hierdie Interskole 'n naweek wees waarin sportmangees, respek en ware Karoo-gasvryheid die botoon voer. Mag ons almal, ongeag die uitslae, onthou waarom hierdie tradisie al meer as 'n eeu voortleef.

Sterker Saam!

Volksskoolgroete

Me. Henriëtte Malan

Skoolhoof



'n Boodskap van ons Hoofborg

Montego Pet Nutrition is trots op sy oorsprong in Graaff-Reinet, die hart van die Oos-Kaap.

Met ons wortels stewig in Graaff-Reinet gevestig, sien en waardeer ons elke dag die positiewe impak van 'n sterk, ondersteunende gemeenskap.

Dit is daarom vir ons 'n voorreg om die jaarlikse interskole tussen Hoër Volksskool en die Union Schools vir die volgende paar jaar te borg.

Hierdie geliefde tradisie bring leerders, families, oudleerders en ondersteuners bymekaar in 'n viering van trots, gees en gemeenskap, en is een van die hoogtepunte op die streek se sportkalender.

Montego se verhaal het in 2000 begin met 'n droom, 'n klein span en 'n beskeie fabriek in die rustige Karoo. Vandag is ons 'n voorloper handelsmerk en toonaangewende vervaardiger van premium troeteldierkos met 'n markteenwoordigheid in bykans 40 lande. Van ons uitbreidings en voortdurende groei tot die stigting van Montego Cares en ons ondersteuning van dierewelsynsorganisasies, was teruggee aan die gemeenskap nog altyd deel van wie ons is.

Deur die interskole te ondersteun, vier ons nie net sport nie, maar ook die mense, waardes en instellings wat Graaff-Reinet besonders maak. Dit is nog 'n manier waarop ons ons verbintenis uitleef om elke dag 'n positiewe verskil te maak.

Montego Pet Nutrition – Beter Elke Dag.



MAANDAG, 3 AUGUSTUS 2026

o.10 Tennis

14:00 Seuns - Hoër Volksskool tennisbane

14:00 Dogters - Arthur Kingwill House courts

Graad 1 - 4 Skaak

18:00 Hoër Volksskool saal

Graad 5 - 12 Skaak

18:00 Hoër Volksskool saal

DINSDAG, 4 AUGUSTUS 2026

o.13 Tennis - Eerstespan seuns en dogters

14:00 Seuns - Hoër Volksskool tennisbane

14:00 Dogters - Arthur Kingwill House courts

o.13 Tennis - Tweedespan dogters

14:00 Dogters - Herby Arnott House courts

WOENSDAG, 5 AUGUSTUS 2026

	Senior Tennis
	Eerstespan seuns en dogters
11:00	Hoër Volksskool tennisbane
	Tweedspan seuns
11:00	Bremner Courts
	Tweedspan dogters
	Arthur Kingwill House courts
	Kultuuraand
18:00	Hoër Volksskool-saal

DONDERDAG, 6 AUGUSTUS 2026

	Landloop
14:00	Hoër Volksskool A-rugbyveld
	2 km (Junior), 4 km (Senior)

TOEGANGSFOOIE VRYDAG EN SATERDAG

Volwassenes

- Dagkaartjie: R30
- Naweekkaartjie: R50

Kinders

- Dagkaartjie: R20
- Naweekkaartjie: R30

Leerders van Hoër Volksskool en Union wat hul volledige skooluniform dra, kry gratis toegang.

Let wel: Parkeerkaartjies is nie by die toegangsfooie ingesluit nie.

PARKERING: R50 PER VOERTUIG

BELANGRIKE INLIGTING:

Vrydag, 7 Augustus:

- Hekke open om 08:00
- Parkering is beskikbaar op die B-veld by Hoër Volksskool.
- Geen voertuie sal toegelaat word om rondom die A-veld te parkeer nie.

Saterdag, 8 Augustus:

- Hekke open om 07:00
- Parkering: Beskikbaar by Botanies.

VRYDAG, 7 AUGUSTUS 2026

HOËR VOLKSKOOL: BELANGRIKE INLIGTING

- Toegangshekke by Huis Cronjé en die Astro sal gesluit wees.
- **Die hoofhek is toeganklik vir voetgangers en besoekers met komplementêre kaartjies.** (Plasketstraat)
- **Die hek by die busskuur is slegs vir voertuie oop.** (T-aansluiting by Lombardstraat)
- Parkering is op die B-veld beskikbaar.
- Voertuie word nie toegelaat om rondom die A-veld te stop of te parkeer nie.
- Ná afloop van die verrigtinge sal beide hekke as uitgange oop wees.

Neem asseblief kennis: Volg die aanwysings van die verkeers- en veiligheidsbeamptes te alle tye.

VRYPDAG, 7 AUGUSTUS 2026

Interskole saal

08:00

Hoër Volksskool skoolsaal

Ons vra dat almal teen 07:45 hulle plekke sal in neem.

WEPPIE PREPPIE TEEN UNION PRE-SCHOOL

Hokkie wedstryde

09:30

Hoër Volksskool astrobaan

10:00

Rugby wedstryde

Hoër Volksskool C-veld

HOKKIE

PLEK:	HOËR VOLKSKOOL ASTRO
10:30	o.7B, o.8B en o.10C
11:00	o.9B, o.7A en o.10B
11:30	o.10D en o.8A
12:00	o.10A en o.9A
<u>12:30</u>	<u>SKUIF VAN DOELHOKKE</u>
12:45	LVS o.13C teen UHS o.11A
13:45	o.13A
14:45	o.13B
15:45	HVS Derdespan teen UHS o.14A
16:50	Oudskoliere Hokkie

RUGBY

PLEK:	HOËR VOLKSKOOL C-VELD
10:30	o.7B en o.8B
10:55	o.7A en o.8A
11:20	o.9A
PLEK:	HOËR VOLKSKOOL A-VELD
12:15	o.11B
13:00	o.13B
14:00	o.11A
14:45	o.13A
16:00	Oudskoliere 'Touchies' bo 35
16:30	Oudskoliere Rugby

SATERDAG, 8 AUGUSTUS 2026

BOTANIES: BELANGRIKE TOEGANGSPUNTE



Versamelpunte in Noodgevalle

A – Versamelpunt

B – Versamelpunt

● 1 – Uitgang

● 2 – Uitgang

● 3 – Uitgang

Hekke:

Hek 1 – Slegs vir ambulanse en nooddienste (Stockenstroomstraat)

Hek 2 – Slegs vir voetgangers (Parkstraat)

Hek 3 – Slegs vir voertuie. Geen voetgangers word hier toegelaat nie.

Neem asseblief kennis: Volg die aanwysings van die verkeers- en veiligheidsbeamptes te alle tye.

SATERDAG, 8 AUGUSTUS 2026
HOKKIE

PLEK:	HOËR VOLKSKOOL ASTRO
07:45	o.16A
08:45	Tweedespan
09:50	Opwarming en voorstelling
10:15	Eerstespan

RUGBY

PLEK:	BOTANIES
11:20	o.14A
12:20	o.15A
13:20	o.16A
14:35	Tweedespan
15:40	Dirigente en voorstelling
16:00	Eerstespan

VOLKSIEFEES SKOP AF!



18:00



Botaniese saal

Sluit die Interskolenaweek saam met ons af by die Volksiefees!

GEDRAGSKODE VIR OUERS EN ONDERSTEUNERS:

Interskole 2026

Interskole is meer as net 'n sportbyeenkoms. Dit is 'n viering van tradisie, sportmansgees en die besondere band tussen twee skole met 'n lang en trotse geskiedenis.

Elke speler, afrigter, wedstrydbeampte, ouer en ondersteuner dra by tot die karakter van hierdie naweek. Die optrede van ondersteuners langs die veld speel 'n belangrike rol om 'n positiewe, veilige en respekvolle atmosfeer vir almal te skep.

Ons versoek vriendelik alle ondersteuners:

- Ondersteun u span met entoesiasme, terwyl die reëls en gees van die spel gerespekteer word.
- Behandel spelers, afrigters, wedstrydbeamptes en mede-ondersteuners met respek.
- Respekteer die oordeel van wedstrydbeamptes sowel as afrigters en vermy enige konfrontasie tydens wedstryde.
- Onthou dat skolesport nie net oor oorwinning gaan nie, maar ook oor karakter, spanwerk, ontwikkeling en deelname.
- Erken en waardeer goeie spel en goeie sportmansgees, ongeag aan watter span dit behoort.
- Respekteer die oordeel van mediese personeel ten opsigte van beseerde spelers.
- Volg alle veiligheids-, toegangs- en verkeersreëling, asook die aanwysings van personeel, sekuriteit en beamptes.

Ons almal dra by om van Interskole 2026 'n veilige, positiewe en onvergeetlike ervaring te maak.

VEILIGHEID EN BELANGRIKE INLIGTING

Interskole 2026

Veiligheidsmaatreëls

Gedurende alle Interskole-aktiwiteite is die gebruik of besit van alkohol, dwelms en ander onwettige middels op die sportterreine streng verbode. Hierdie reëling is in belang van die veiligheid van alle spelers, beamptes en toeskouers.

Botanies sal die kroeg eers 30 minute ná die laaste wedstryd van die dag open.

Vir die veiligheid van almal behou veiligheidsbeamptes die reg voor om sakke en persoonlike items by toegangspunte te deursoek. Enige gedrag wat die veiligheid, waardigheid of sportmangees van die geleentheid benadeel, sal nie geduld word nie en kan daartoe lei dat persone versoek word om die terrein te verlaat.

Klagtes en Navrae

Indien u enige klagtes of bekommernisse het, versoek ons u om dit nie tydens wedstryde met spelers, afrigters of wedstrydbeamptes op die terrein te bespreek nie. Rig dit asseblief so spoedig moontlik aan die toepaslike sportorganiseerder.

Hoërskoolaangeleenthede:

Mnr. Ritus Meiring – Sportorganiseerder

✉ hvssport@gmail.com

Laerskoolaangeleenthede:

Mnr. Danie van der Nest – Sportorganiseerder

✉ laervolkskoolsport@gmail.com

Elke speler sal die telling onthou, maar nog lank daarna sal mense onthou hoe ons mekaar behandel het. Kom ons maak Interskole 2026 'n naweek waarop beide skole trots kan wees.